Hersiene Witskrif op Kuns, Kultuur en Erfenis, Derde ontwerp.	Die hersiene Witskrif is deur die Kabinet goedgekeur in 2018 na 'n Sosio-ekonomiese Impakassessering uitgevoer deur die Suid-Afrikaanse Kulturele Observatorium. Dit bevat 'n uiteensetting van die beleidsdoelwitte wat deur die strategiese waarde van kuns, kultuur en erfenis onderstreep word. Dit verteenwoordig 'n soomlose integrasie van die NOP, die Maatskaplike Samehorigheds- en Nasieboustrategie wat DKES se strategiese doelwitte en visie inspireer.
Beleid van Erfenis Wes-Kaap	
Erfenis Wes-Kaap Handboek 20 September 2013, soos bygewerk in 2017.	Hierdie Handboek bevat al die beleid, prosedure, riglyne en reëls van die organisasie. Dit word gereeld bygewerk sodra die Raad 'n nuwe beleid goedkeur of 'n bestaande beleid wysig.
Erfenis Wes-Kaap: Aansoek vir 'n Geringewerk-permit: Riglyn vir voorleggings aan EWK- Bygewerk Maart 2023	'n Riglyn is ontwikkel om aansoekers in staat te stel om te identifiseer of hulle voorstel as gering van aard geag kan word, wat dan die voorlegging van 'n geringewerk-aansoek regverdig. Hierdie proses bevat nie die vereiste vir konsultasie voor voorlegging aan EWK nie. Waar van toepassing, word indiening van bouplanne nie vereis nie, wat aansoekers tyd en geld spaar. Soos wat prosesse ontwikkel sal die riglyn dienooreenkomsdig bygewerk word.

4.5 Beplande Beleidsinisiatiewe

Die beleidsinisiatief hieronder beskryf word beplan vir 2024/25:

Beplande Beleidsinisiatiewe	Tydsraamwerk
Bedryfsplan vir die EWK Aansoekproses	30 September 2024

4.6 Bywerking van Tersaaklike Hofbeslissings

Hofsaak	Verwysing	Impak op EWK
<i>Top Performers (Pty) Ltd v Minister of Cultural Affairs and Recreation</i>	Wes-Kaapse Hooggereghof saaknr. 5591/05	Hierdie uitspraak het 'n diepgaande impak gehad op die appèlprosesse van die tribunaal wat ingevolge artikel 49 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 1999, gelees in samehang met Regulasie 12 van PK 336 van 2003, deur die LUR aangestel is. Die DKES en die LUR het regstellende stappe gedoen om billike administratiewe prosesse te verseker en om voorsiening te maak vir die toelating van nuwe bewyse in die rekord van 'n tribunaalproses, asook beter nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid ingevolge die beginsel van <i>audi alteram partem</i> .
<i>Qualidental Laboratories v Heritage Western Cape</i>	Hof van Appèl saaknr. 647/06	Hierdie uitspraak bevestig die magte wat aan die LUR en Erfenis Wes-Kaap verleen is om voorwaardes vir ontwikkeling te stel ingevolge artikel 48 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.
<i>Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association and Another v Verreweide Eiendomsontwikkeling (Edms) Bpk and Others</i>	Wes-Kaapse Hooggereghof saaknr r1926/08	Die Hof het dit oorweeg of die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap of Erfenis Wes-Kaap jurisdiksie het ten opsigte van terreine wat ingevolge artikels 35 en 36 van die Wet op Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne, 1999, deur die SAEHA as Graad 1 terreine gegradeer is. Die Hof het bevind dat die SAEHA in sulke gevalle wel jurisdiksie het. Die Hof het ook bevind dat waar 'n terrein voorlopig beskerm word, dit voorlopig beskerm moet word vir 'n bepaalde tydperk wat in die kennisgiving in die Staatskoerant gemeld word. Die implikasie van hierdie uitspraak vir DKES is dat die Departement regshulp moet verleen om die wetgewing te vertolk en moet seker maak dat EWK binne sy wetlike mandaat optree.
<i>Peter Gees v the Provincial Minister of Cultural Affairs and Sport, Western Cape, the Chairperson, Independent Appeal Tribunal, Heritage Western Cape, the City of Cape Town, City Bowl Ratepayers; & Residents' Association</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggereghof van Suid-Afrika saaknr. 6205/15	Die Hof het bevestig dat die oplegging van voorwaardes binne die grense van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, val en in ooreenstemming is met die oorhoofse skema van die Wet. Voorwaardes kan opgelê word in 'n permit vir die sloping van 'n bestaande struktuur ouer as 60 jaar ingevolge artikel 34(1) van die Wet, insluitend 'n bepaling dat die EWK die vervangende struktuur moet goedkeur, met dien verstande dat hierdie voorwaardes opgelê word in belang van 'n bewaringsdoelwit.

DEEL A: ONS MANDAAT

Hofsaak	Verwysing	Impak op EWK
<i>Piketberg Local Heritage Committee and Another v Liebco Vleishandelaars Edms Bpk and others (Heritage Western Cape 2nd Respondent)</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, saaknr 1103/16	Aansoek om die hersiening van 'n besluit van die EWK se Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe (BELCom). Toestemming is deur BELCom verleen om 'n gebou op Erf 207 in Piketberg te sloop. Die Piketberg Erfeniskomitee het by die Hooggeregshof aansoek gedoen dat die besluit hersien moet word aangesien daar aangevoer is dat daar nie aan die bepalings van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid voldoen is nie. Die Hof het die huidige beleid van EWK in oorweging geneem, wat slegs konsultasie met geregistreerde bewaringsliggame behels, en het beslis dat aangesien besluite wat geneem is die potensiaal het om lede van die algemene publiek te raak, wyer openbare konsultasie nodig is. Dit beteken dat EWK moet seker maak dat openbare deelname ingevolge PAJA plaasvind voordat 'n besluit oor 'n aansoek geneem word.
<i>Bryer NO and others v HWC</i>	Wes-Kaapse Hooggeregshof, saaknommer 16392/2017	Aansoek vir hersiening van 'n besluit van EWK om 'n staakwerke-bevel op te lê en 'n verklarende bevel ten opsigte daarvan of 'n aansoek ingevolge artikel 38 van die WNEH nodig was. Dit het gewentel om die definisie van die snellerfaktor in art 38(1) van 'n "terrein groter as 5000m ² ". Erfenis Wes-Kaap het op konsekwente basis die erfgrootte as sneller gebruik. Die applikant het geargumenteer dat "terrein" nie "erf" beteken het nie en dat in hierdie spesifieke geval die erf, alhoewel groter as 5000m ² , denkbeeldig gesproke in twee afsonderlike terreine verdeel kon word. Die Hof het met hierdie argument saamgestem. Dit is belangrik om daarop te let dat die Hof nie bevind het dat die terrein ekwivalent was aan die ontwikkelingsvoetspoor nie. Die erfgrootte mag steeds aanduidend wees van die terreingrootte, maar 'n meer genuanseerde benadering is nodig.
<i>Bo-Kaap Residents and Ratepayers Association and others v City of Cape Town and others</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, saaknr. 7031/17	EWK het tussenbeide getree in hierdie aansoek waarin die Burgervereniging (wat 'n geregistreerde bewaringsliggaam is) aansoek gedoen het vir hersiening van die Stad Kaapstad se besluit om 'n hoë gebou op te rig wat gedeeltelik binne 'n EBOS geleë is en aan die Bo-Kaap en Riebeeck-plein grens. Die Hof het bevind dat artikel 27(18) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne nie uitgebrei kan word om te vereis dat 'n permit deur die ontwikkelaar van 'n gebou aangrensend aan 'n erfenisterrein verkry moet word nie. Die Hof het verder bevind dat die Stad Kaapstad al die toepaslike faktore in aanmerking geneem het en dat dit gevvolglik nie sy besluit kon hersien of tersyde stel nie.

Hofsaak	Verwysing	Impak op EWK
<i>Tower Property Fund Limited v Heritage Western Cape</i>	Wes-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika saaknr. 7000/18	Aansoek om die "staak werke"-bevel wat deur EWK bedien is ten opsigte van bouwerke op 'n aangrensende eiendom op te hef waar daar gevrees is dat dit skade aan die aangrensende erfenishulpbron, naamlik 'n graad IIIA-kerkgebou, kan berokken. Die hof het bevind dat EWK die applikant 'n geleentheid moes gun om te reageer voordat die "staak werke"-bevel uitgereik is.
<i>Midnight Storm Investments 170 (Pty) Ltd v Minister of Finance and others</i>	Noord-Gautengse Hooggeregshof, saaknr 46055/2015	Die eisers in hierdie saak het skadevergoeding van die Staat en EWK geëis voortspruitend uit die verklaring van 'n gedeelte van hulle grond as 'n Provinciale Erfenisterrein. (PET)(die Baboon Point PET by Elandsbaai.) Die eisers het aangevoer dat hierdie verklaring hulle regte om die grond te ontwikkel effektiewelik gesteriliseer het en dat dit óf neergekom het op konstruktiewe onteiening óf 'n onwettige ontneming van hulle eiendomsreg, wat beskerm word deur artikel 25 van die Grondwet. In die alternatief het hulle aansoek gedoen om 'n verklarende bevel, nl dat die WNEH ongrondwetlik was aangesien dit die ontneming van eiendomsreg sonder vergoeding gemagtig het. Die Hof het bevind dat die verklaring wettig was en nie neergekom het op konstruktiewe onteiening nie. Die Hof het verder bevind dat die beskerming van eiendomsreg ingevolge art 25 van die Grondwet nie absoluut is nie maar onderworpe is aan regte van openbare belang.

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

5. Bygewerkte situasie-ontleding

Erfenis Wes-Kaap het oor die afgelope twee dekades, sedert sy totstandkoming in Oktober 2002, as die provinsiale erfenishulpbronowerheid gefunksioneer en die mense van hierdie provinsie in daardie hoedanigheid gedien. Oor hierdie tydperk het EWK homself toegewy aan die bou van 'n geïntegreerde stelsel vir die bestuur van erfenishulpbronne in die provinsie in ooreenstemming met die mandaat bevat in die Wet op Nasionale Erfenis (WNEH) en toepaslike bestuurs- en beleidsnoodaaklikhede.

Een aspek van EWK se missie wat vermelding verdien, is sy verbintenis tot skakeling met 'n wye reeks belanghebbendes, wat insluit gemeenskappe, bewaringsorganisasies, professionele liggame, interdepartementele eenhede binne die Wes-Kaap, en plaaslike munisipaliteite. Hierdie benadering was verantwoordelik vir 'n meer burgergerigte diensleveringsmodel asook verbeterde bestuur van beduidende erfenishulpbronne.

EWK het bedryfsprosesse gevëstig wat die hantering van aansoeke insluit, wat 'n beduidende deel van sy werkslading uitmaak. In vorige verslae is gerapporteer dat die entiteit 'n opeenhoping van aansoeke ervaar, maar dit is opgeklaar. Verdere Raadsdelegasies is aan die Vergaderings van Erfenisbeampies (VEBs) gegee, wat daarvan ruimer kapasiteit verleen om groter getalle aansoeke te kan hanteer en sodoende die doeltreffendheid van die aansoekproses verhoog het. In die 2022/23 boekjaar was 72% van permitaansoeke wat gehanteer is artikel 34 aansoeke, wat deur plaaslike owerhede gehanteer behoort te word. EWK is aktief besig om plaaslike owerhede te bemagtig en aan te moedig om verantwoordelikheid vir die bestuur van graad III erfenishulpbronne oor te neem, soos bepaal deur die WNEH. Sodanige skuif sal EWK in staat stel om meer te kan fokus op ander aspekte van sy mandaat, soos die bevordering van erfenishulpbronne in die provinsie. Tot op datum het slegs twee munisipaliteite die oorneem van die bestuur van graad III erfenishulpbronne bespreek, maar nie genoeg vordering is gemaak in hierdie verband nie: daar was struikelblokke soos, byvoorbeeld, watter appèlprosedure gevvolg moet word in 'n permitaansoekproses: die appèlproses van die WNEH of plaaslike munisipale procedures. Dit het vordering met die oorhandiging van hierdie funksies oor die afgelope paar jaar bemoeilik. EWK, deur die Departement, sal 'n daadwerklike poging aanwend om die funksies vir graad III bestuur te oorhandig aan plaaslike munisipaliteite, soos Stad Kaapstad, vanaf 2024, sou ooreenkoms bereik word. Hierdie strewe is van kritiese belang gegewe die gedeelde wetgewende bevoegheid vir erfenisangeleenthede van al drie regeringsvlakte, soos aangedui in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Dit sal ook geweldige diensleveringsvoordele inhoud vir die publiek, wat dan slegs een owerheidsgoedkeuring benodig eerder as die huidige proses vir beplanningsaansoeke, wat twee goedkeurings vereis.

Voortgesette besprekings met plaaslike owerhede beoog om 'n raamwerk te vestig wat die oornname van verantwoordelikhede sal faciliteer. Wesenlike vordering is alreeds gemaak met Stad Kaapstad in hierdie verband, asook met die Drakenstein Munisipaliteit. EWK is terselfdertyd besig om voort te bou op sy samewerkende vennootskap met die Suid-Afrikaanse Erfenisbronagentskap (SAEHA), veral wat betref die bestuur van terreine wat van nasionale belang is in die Wes-Kaap, en ander dwarsliggende kwessies. EWK het sy verbintenis tot digitale transformasie van erfenishulpbronbestuur geformaliseer deur die Memorandum van Ooreenkoms (MVO) met SAEHA te onderteken. Hierdie ooreenkoms baan die weg vir die migrasie van die Suid-Afrikaanse Erfenisbron-inligtingstelsel, (SAEHIS), 'n aanlyn geïntegreerde platform ontwerp vir die prosessering van aansoeke van alle provinsiale Erfenisbronowerhede (PEHOe). SAEHIS ondersteun ook die digitalisering van versamelings en die doeltreffende bestuur van erfenishulpbronne op 'n nasionale skaal.

Die geïntegreerde en doeltreffende bestuur van erfenishulpbronne is 'n deurlopende prioriteit ingevolge EWK se diensleveringsverbeteringsplan en sy roetekaart.

Die vernaamste prioriteite van EWK is as volg:

- Bewusmaking van die waarde en belang van erfenishulpbronbestuur en bewaring om maatskaplike inklusiwiteit en ekonomiese ontwikkeling in die provinsie moontlik te maak deur programme met gemeenskappe en belanghebbendes te onderneem om die positiewe en stabiliserende rol wat erfenis

kan speel in die voorkoming van maatskaplike euwels en die bevordering van aktiewe burgerskap te beklemtoon;

- b) Verbeterde begrip van die waarde van erfenishulpbronne deur aanwending van vertolkende kennisgewingborde;
- c) Die bou van 'n doeltreffende erfenishulpbronbestuurstelsel wat belanghebbendes in staat stel om vertroue te hê in die werk van EWK deur begrip van hulle reg om deel te neem aan die oorlegplegingsproses van erfenishulpbronbestuur;
- d) Die verklaring van beduidende erfenisterreine as Provinciale Erfenisterreine te einde die diversiteit van die provinsie en die erfenis van gemeenskappe wat afgeskeep is in die verlede te weerspieël;
- e) Sinvolle skakeling oor kwessies van simboliese restitusie binne die erfenishulpbronbestuur- landskap;
- f) Die bevestiging van die verhouding met munisipaliteite en bewaringsliggame om voldoening aan die WNEH te verseker, veral wat betref die voorwaardes gestel in permitte en ander boekstawing van besluite;
- g) Verhoging van die EWK se kapasiteit deur opleiding van daardie personeel van die Departement van Kultuursake en Sport wat bystand verleen met die bedryfsverantwoordelikhede van EWK en deur 'n bestuurdenetwerk-model; en
- h) Outomatisering van aansoekprosesse.

Die volgende diensleweringsverbeterings-padkaart diens as gids vir die implementering van prioriteitsgebiede:



6. Eksterne Omgewingsontleding

6.1 Politieke Omgewing

Die Minister van Kultuursake in die Wes-Kaap het die owerheid kragtens artikel 23 van die WNEH ingestel. EWK is 'n entiteit van die Department van Kultuursake en Sport (DKES) en word ondersteun deur 'n jaarlikse oordragbetaling en bykomstige steudienste, wat insluit menslike hulpbronne, finansiële bestuur en IT ondersteuningsdienste. Erfenis Wes-Kaap bedryf sy werkzaamhede onder die toesig van die Raad as Rekenpligtige Gesag van die entiteit.

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

6.2 Ekonomiese Omgewing

Die kwynende fiskale vooruitsig het 'n negatiewe impak gehad op die nasionale en provinsiale fiskus. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die traie nasionale en internasionale ekonomiese toestande, dalende nasionale inkomste-invordering, hoër koste vir finansiële lenings en verhoogde onbefondste besteding wat deur provinsies geabsorbeer moet word as gevolg van hierdie faktore. Dit het gevvolglik druk uitgeoefen op die provinsie om fiskale konsolidasie-strategieë te implementeer, wat geleid het tot verminderde begrotings vir die Department. Dit het 'n wesenlike impak gehad op die finansiële ondersteuning aan die openbare entiteit oor die 2024 MTUR.

Gegewe hierdie ekonomiese afswaai, is dit gebiedend noodsaaklik vir EWK en plaaslike owerhede om die delegering van funksies volgens die WNEH op plaaslike vlak te bespoedig. Hierdie stap is onontbeerlik om robuuste en vaartbelynde stelsels vir die prosessering van ontwikkelingsaansoeke in die provinsie te skep. EWK speel 'n sentrale rol in die ontwikkelingsaansoek-proses in die provinsie en as sodanig, dra dit beduidend by tot ekonomiese stimulus deur die doeltreffende en doelmatige prosessering van hierdie aansoeke te verseker. Baie van die aansoeke waarmee dit te make het hou verband met Graad III erfenishulpbronne wat, ooreenkomsdig die WNEH, bestuur behoort te word op plaaslike vlak deur plaaslike owerhede. Dit moet in gedagte gehou word dat plaaslike owerhede hulle eie belastingbasis het om werkzaamhede te befonds, terwyl die provinsie staatmaak op befondsing van die Nasionale Regering.

Plaaslike owerheidsbestuur van Graad III erfenishulpbronne sal 'n "eenstopfasilitet" skep vir die vereenvoudiging van die aansoekproses. Hierdie skuif sal nie slegs die bedryfskoste van die entiteit verminder nie maar ook geleentheid verskaf vir EWK om te fokus op ander aspekte van sy mandaat, wat insluit die bevordering van Graad II erfenishulpbronne dwarsoor die provinsie om ondersteuning vir bemarking en toerisme te verstewig.

6.3 Maatskaplike Omgewing

EWK moedig lede van plaaslike gemeenskappe aan om te regstreer as bewaringsliggame ingevolge artikel 25 van die WNEH. Dit verplig applikante om hierdie liggame te raadpleeg binne die erfenisaansoekproses van EWK. Hierbenewens bemagtig bewaringsliggame gemeenskappe om aktiewe inspraak te verkry ten opsigte van die belang van geïdentifiseerde erfenishulpbronne in hulle plaaslike gebiede. EWK plaas die agendas van vergaderings en notules op sy webtuiste om belanghebbende en geaffekteerde partye toe te laat om inligting te kan bekom. Verdere bywerking van die besluite gemaak by die EWK se onderskeie komitees word ook op 'n weeklikse basis op die webtuiste verskaf.

EWK se aanbieding van virtuele vergaderings het meer belanghebbende en geaffekteerde partye in staat gestel om toegang te hê tot komiteevergaderings om vertoë te rig ten opsigte van permitaansoeke wat ingedien is. EWK het toegang vir alle belanghebbende en geaffekteerde partye en lede van die publiek verseker deur sy gefasiliteerde WhatsApp groep. By wyse van hierdie groep word lede van die publiek ingelig en bygestaan oor hoe om aanlynvergaderings by te woon, indien hulle tegniese probleme ervaar. EWK sal ook verder onderzoek doen oor die moontlikheid van gemeenskapstoegang deur plaaslike biblioteke wat oor gratis internet beskik. EWK het begin met kwartaallikse erfenisprogramme vir gemeenskappe om sake van plaaslike belang regoor die provinsie te identifiseer en te bespreek. Dit is suksesvol onderneem en sal voortgesit word as deel van EWK se diensleweringsverbeterings-padkaart om erfenishulpbronne te bevorder.

6.4 Tegnologiese Omgewing

EWK het met SAEHA saamgewerk om die prosessering van permitaansoeke op die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-inligtingstelsel (SAEHIS) formeel te onderneem. SAEHA, as die nasionale owerheid, kan kragtens artikel 39 van die WNEH bepaal hoe 'n entiteit aan hom moet verslag doen oor sy bestuur van die nasionale erfenishulpbronne asook oor hoe die inventaris van die nasionale erfenishulpbronne vasgelê moet word. Die verwagting is dat die gebruik van SAEHIS groter doeltreffendheid ten opsigte van sy aansoekproses

en toegang tot die nasionale inventarisdatabase van SAEHA moontlik sal maak. EWK se permitaansoekprosesse en bestuur van erfenishulpbronreks sal na SAEHIS verskuif nadat SAEHA sy stelselopgradering voltooi het, wat vir April 2024 in die vooruitsig gestel word. Uitvoerige opleiding met EWK is deur SAEHA gedoen en die entiteit het meegehelp met die toetsfase van die nuwe SAEHIS opgradering.

Werksaamhede vir die prosessering van permitaansoek word steeds aanlyn gedoen en meeste van die komiteevergaderings van EWK word aangebied deur Microsoft Teams en in-persoon vergaderings, gewoonlik op 'n kwartaallikse basis geskied. Dit beloop ongeveer 100 vergaderings jaarliks. Kommunikasieplatforms is in werking gestel, soos die instaatstelling van die EWK WhatsApp Groep deur middel van QR kodes, om applikante en belanghebbende en geaffekteerde partye ingelig te hou oor die vordering met vergaderings en agenda-items gedurende komiteevergaderings.

6.5 Omgewingsfaktore

EWK is bewus van die impak van aardverwarming in die provinsie. Voorbeeld is die vernietigende brande in Kaapstad Metro en Wupperthal. Meer algemeen is die agteruitgang wat insluip wanneer eiendomme wat van erfenisbelang is nie in stand gehou word nie en wanneer huise beskadig word as gevolg van storms of omgewingsfaktore, wat dikwels duur is om reg te stel en in stand te hou. Sulke gebeurtenisse beklemtoon die werk van EWK in die fasilitering van beskerming en bewaring van geaffekteerde erfenishulpbronne. Terreine word ook deur natuurlike elemente beskadig met verloop van tyd, en deel van EWK se werk is om mense meer bewus te maak van die belang daarvan om fisiese erfenishulpbronne op te pas en in stand te hou. Verwaarlozing en gebrek aan instandhouding lei mettertyd tot die verlies van erfenishulpbronne, terwyl omgewingsveranderinge en skade met verloop van tyd erosie en beskadiging aan ander tipes van erfenishulpbronne, soos argeologiese terreine, veroorsaak. EWK het monitering van provinsiale erfenisterreine in sy jaarlikse beplanning geïmplementeer om die toestand van provinsiale erfenishulpbronne regoor die provinsie te assesseer en te bestuur.

6.6 Regs- en Regulatoriese Omgewing

Die WNEH vereis van EWK om potensiële ontwikkeling wat die WNEH in werking kan stel te assesseer vir potensiële impak op erfenishulpbronne, en om sulke aktiwiteite te magtig wanneer dit toepaslik geag word. In die uitvoering van hierdie plig moet dit sy primre mandaat nl die beskerming van erfenishulpbronne, opweeg teen die behoeftte van die publiek om sulke magtigings vinnig en maklik te verkry. Hierdie aansoeke varieer van geringe verbeterings tot komplekse ontwikkelings.

EWK het onlangs sy delegasies gewysig om spoediger prosessering van aansoeke vir geringe bouwerke deur EWK personeel moontlik te maak. EWK ervaar ook 'n toenemend litigasiesensitiewe omgewing ten opsigte van beide sy besluitneming en die algemene verhoogde bewustheid van die publiek oor die beskerming gebied deur die WNEH. Hierbenewens het EWK sy beleid bygewerk ooreenkomsdig die vereistes van POPIA.

6.7 Veiligheids- en Sekuriteitsomgewing

EWK is verantwoordelik vir die bewaring van erfenishulpbronne in die provinsie maar besit egter nie self enige erfenishulpbronne nie. Eienaars is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat provinsiale erfenisterreine goed in stand gehou word om die verlies van erfenishulpbronne te voorkom. In die afgelope jaar het EWK die verwaarlozing van eiendomme in die besit van ander sfere van die regering in die Wes-Kaap opgemerk. Sulke eiendomme loop nie net die risiko van potensiële verlies van erfenishulpbronne nie maar hou ook veiligheids- en sekuriteitsrisiko's in. EWK sal voortgaan om te skakel met tersaaklike sfere van die regering en verpligtende bevele uitreik ingevolge die WNEH waar nodig.

DEEL B: ONS STRATEGIESE FOKUS

7. Interne Omgewingsontleding


Die termyn van die vorige Raad het tot 'n einde gekom op 31 Oktober 2022. 'n Huidige Raad met 'n drie-jaar termyn is aangestel vanaf 1 November 2022 en nuwe komitees is aangestel vanaf 1 April 2023. Die Raad en sy komitees het 'n induksie en opleidingsprogram ondergaan om hulle vertrouyd te maak met die erfenisomgewing en hulle rolle en verantwoordelikhede, met spesifieke klem op die rol van die Raad in sy bestuurs- en strategiese oorsigverantwoordelikhede. In die aanstel van komitees, het die Raad besluit om die Komitee vir Argeologie, Paleontologie en Meteroriete (KAPM) saam te smelt met die Impakassesseringskomitee (IAKom) om voorsiening te maak vir kleiner, meer vaartbelynde komitees.

Alhoewel die personeelkapasiteit van EWK uitgebrei is tot agt Erfenisbeamptes in die 2021-2022 boekjaar, is die uitdaging steeds om Erfenisbeamptes te behou, gegewe dat plaaslike owerhede vergoeding teen mededingende salarisvlakke aanbied. Dit veroorsaak dat personeel die diens van die Departement verlaat. In die afgelopen nege maande het drie beamptes die diens van DKES verlaat vir hoër salaris in ander erfenisinstellings. Die beamptes het oor 'n verskeidenheid van kwalifikasies in argeologie, stadsbeplanning, argitektuur, ens beskik. 'n Doelbewuste poging word aangewend om personeel te werf vir hierdie vakante poste, maar 'n meer mededingende arbeidsmark in erfenishulpbronbestuur is oor die afgelope twee jaar waargeneem.

Alhoewel EWK belas is met die identifikasie, beskerming, bewaring, bestuur en bevordering van erfenishulpbronne, het dit primêr gefokus op die formele beskerming van erfenishulpbronne en die prosessering van erfenisaansoeke. Komitees wat te make het met die beoordeling van aansoeke aan EWK sluit in die Komitee vir Beboude Omgewing en Landskappe, die Impakassesseringskomitee, met die aanstelling van twee argeoloë om die KAPM funksies aan te vul, die Komitee vir Inventaris, Gradering en Interpretasie (KIGI) en die Appèlkomitee, wat maandeliks bymekaarkom, met die uitsondering van die KIGI, wat kwartaalliks bymekaarkom. Die Vergadering van Erfenisbeamptes (VEBs) wat die aanvanklike beoordeling en prosessering van alle aansoeke hanteer, word weekliks gehou. Die meerderheid van hierdie aansoeke word verwys na die onderskeie komitees hierbo genoem vir verdere beoordeling en besluitneming. Alle komitees is gedelegeer deur die Raad om hierdie funksies te verrig en besluite te neem ingevolge die WNEH.

Die uitbreiding van delegasies aan VEBs het die aantal items na BELComs en IAkom beperk, aangesien die VEBs nou besluite van meer komplekse aansoeke finaliseer. In vorige jare is daar addisionele BELCom vergaderings gehou om 'n opeenhoping van aansoeke te vermy deur die komitee ekstra tyd te gun om komplekse aansoeke te oorweeg. Sedert die delegasies aan VEBs is meer sake gehanteer by die weeklikse vergaderings, wat beteken dat die aansoeke minder tyd in die stelsel in beslag neem. Dit het die behoefté aan addisionele BELCom vergaderings elke maand uitgeskakel.

Die behoefté om plaaslike owerhede te kapasiteer om Erfenisgebiede en Erfenisinventarisce daar te stel het toegeneem. In antwoord hierop het EWK regulasies ontwerp wat munisipaliteite leiding gee met die voldoening aan die bepalings van artikels 30 en 31 van die WNEH. EWK sal munisipaliteite bystaan met die identifisering van Erfenisgebiede binne hulle jurisdiksie. Die proklamasie van Erfenisgebiede sal sekerheid verskaf aangesien die vereistes van artikel 34 van die WNEH opgehef mag word buite hierdie gebiede. Bevoegde plaaslike owerhede sal hierdie gebiede kan bestuur, wat die werklos op EWK sal verminder.

EWK se Makrostruktuur:

DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE

8. Institusionele programprestasie-inligting

Program: Erfenishulpbronbestuursdienste

Doel: Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te identifiseer, beskerm, bewaar, bestuur en te bevorder.

Sub-Program (Indien van toepassing): N.v.t

Doel: N.v.t.

Uitkomste, Uitsette, Prestasie-aanwysers en Teikens

Nr.	Uitkoms	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarteikens							
				Geouditeerde/ werklike prestasie			Geraamde prestasie	MTUR Tydperk			
				2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	2023/24	2024/ 25	2025/ 26	2026/ 27	
1.1	Geïnte-greerde bestuur van erfenishulp-bronne in die Wes-Kaap.	Beleid, regulasies, planne of protokolle ontwikkel en goedgekeur of hersien	Getal dokumente ingedien by Raad wat die bestuur van erfenishulp-bronne ondersteun	1	1	1	1	1	1	1	
1.2	Geïnte-greerde bestuur van erfenishulp-bronne in die Wes-Kaap.	Terrein-inspeksies onderneem deur EWK.	Getal terreininspeksies van provinsiale erfenisterreine wat onderneem is	2	4	4	4	4	4	4	
1.3	Geïnte-greerde bestuur van erfenishulp-bronne in die Wes-Kaap	Geskeduleerde vergaderings van EWK raad en komitees ten einde die WNEH te implementeer.	Getal Raads-vergaderings aangebied ter ondersteuning van die implementering van die beleid en bestuurs-mandaat van EWK	134	117	111	99	4*	4	4	
1.4	Geïnte-greerde bestuur van erfenishulp-bronne in die Wes-Kaap.	Die erkenning dat die terrein 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein is deur middel van 'n promosionele geleentheid	Getal provinsiale erfenisterrein geleenthede vir die bevordering van erfenishulp-bronne	2	2	2	4	2	2	2	

Nr.	Uitkoms	Uitsette	Uitsetaanwysers	Jaarteikens						
				Geouditeerde/ werklike prestasie			Geraamde prestasie	MTUR Tydperk		
				2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2024/25	2025/26	2026/27
1.5	Geïnte-greerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-kaap.	Werkswinkels of vergaderings aangebied om bewussyn te verhoog van die belang van bewaring van erfenishulpbronne en bestuurs-implikasies van sulke hulpbronne	Getal programme aangebied om erfenishulpbronbestuur te bevorder	1	4	2	4	2	2	2
1.6	Geïnte-greerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-kaap.	Openbare kennisgewings wat die publiek uitnooi om nominasies in te dien vir identifisering en oorweging as provinsiale erfenisterreine	Getal openbare uitnodigings vir die identifikasie van provinsiale erfenisterreine					2	2	2

*Aanwyser 1.3 het voorheen alle komiteevergaderings getel en is gewysig om slegs Raadsvergaderings te tel.

Aanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse Teikens

Nr.	Uitsetaanwysers	Jaarteikens	K1	K2	K3	K4
1.1	Getal dokumente ingedien by Raad wat bestuur van erfenishulpbronne ondersteun	1		1		
1.2	Getal terreininspeksies aan provinsiale erfenisterreine onderneem	4	1	1	1	1
1.3	Getal Raadsvergaderings aangebied ter ondersteuning van die implementering van die beleid en bestuursmandaat van EWK	4	1	1	1	1
1.4	Getal provinsiale erfenisterreingeleenhede vir die bevordering van erfenishulpbronne	2	1		1	
1.5	Getal programme aangebied om erfenishulpbronbestuur te bevorder	2		1		1
1.6	Getal openbare uitnodigings vir die identifisering van provinsiale erfenisterreine	2	1		1	

DEEL C: METING VAN ONS PRESTASIE

9. Programhulpbronoorwegings

Versoening van prestasieteikens met die begroting en Mediumtermyn

Uitgaweberaming

Erfenis Wes-Kaap

Program	Geouditeerde uitkoms			Uitgawe-beraming	Mediumtermyn uitgaweberaming		
	2020/21	2021/22	2022/23		2023/24	2024/25	2025/26
R huisend	2 380	1 945	1 614	2 577	2 183	2 573	2 798
Erfenis Wes-Kaap	2 380	1 945	1 614	2 577	2 183	2 573	2 798
Subtotaal							
Direkte heffings teen die Nasionale Inkomstefonds	-	-	-	-	-	-	-
Totaal	2 380	1 945	1 614	2 577	2 183	2 573	2 798
Ekonomiese klassifikasie							
Lopende betalings	2 380	1 945	1 614	2 577	2 183	2 573	2 798
Vergoeding van werknemers							
Goedere en dienste waarvan:							
Kommunikasie	85	88	75	103	120	125	130
Rekenaardienste	42	39	42	41	57	60	65
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	1 604	1 566	1 181	1 894	1 158	1 726	1 873
Inventaris							
Instandhouding- en bedryfskoste							
Bedryfbruikhuurkontrakte							
Reis- en verblyfkostes	25	74	97	54	155	175	180
Ouditgelde	94	74	73	75	86	90	95
Reklame	-	-	-	-	279	-	-
*Ander	530	104	146	410	328	397	455
Rente en huurgeld van eiendom							
Finansiële transaksies in bates en laste							
Oordragte en subsidies aan:							
Provinsies en munisipaliteite e							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en Tegnikons							
Openbare korporasies en private ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsoogmerk							
Huishoudings							
Betaling vir kapitale bates	-	-	-	-	-	-	-
Geboue en ander vaste bates							
Masjinerie en toerusting							
Bewerkte bates							
Programmatuur en ander ontasbare bates							
Grond en ondergrondse bates waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	2 380	1 945	1 614	2 577	2 183	2 573	2 798

*Ander sluit in bankfooie, regskoste, spyseniering en verbruiksgoedere

10. Bygewerkte Vernaamste Risiko's

Uitkoms	Vernaamste Risiko	Risikoversagting
Geïntegreerde bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap	Verlies van erfenishulpbronne as gevolg van ongemagtigde veranderinge/ vernietiging of vandalisme	Ontwikkeling van generiese riglyne vir opleiding van EWK beamptes
		Aanbied van bewusmakingsprogramme met belanghebbendes
		Aanstelling en opleiding van erfenisfinspekteurs
	Raad/Komitee neem besluite wat ultra vires kan wees	Aanstelling van bykomende kundigheid op die VEBs vergaderings. Regsadvies-span woon komiteevergaderings by om leiding te gee met besluitneming wat binne regsgrense val

11. Infrastruktuurprojekte

Nr.	Projeknaam	Projek-beskrywing	Uitsette	Begindatum van projek	Voltoogings-datum van projek	Totale beraamde koste	Huidige jaar besteding
N.v.t							

DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS

Aanwysernommer	1.1			
Aanwysertitel	Getal dokumente voorgelê aan Raad wat bestuur van erfenishulpbronne ondersteun			
Kort definisie	Jaarlikse getal bedryfs- en bestuursdokumente wat te make het met die bestuur van erfenishulpbronne in die Wes-Kaap voorgelê aan die Raad			
Doel	Om te verseker dat bedryfs- en bestuursdokumente ingedien word by Raad wat leiding gee met die bestuur van erfenishulpbronne ingevolge die EWK se wetgewende mandaat			
Vernaamste begunstigdes	Mense van die Wes-Kaap			
Databron	Bron van data: Intern, van Provinciale Erfenis Hulpbronowerheid, Erfenis Wes-Kaap Werklike datatabel gebruik: Dokument			
Databeperkings	Voorlegging geskied aan die hand van diskresie van Hoof Uitvoerende Beamppte			
Aannames	Teiken sal behaal word soos beplan			
Verifikasiemetode	Afskrif van voorgelegde Beleid, riglyn, regulasie, plan of protokol			
Berekeningsmetode	Telling			
Tipe berekening	<input type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar-tot-datum	<input checked="" type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagsiklus	<input type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarliks	<input checked="" type="checkbox"/> Jaarliks	<input type="checkbox"/> Tweejaarliks
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Op teiken	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	
Tipe aanwyser	Is dit 'n Diensleweringsaanwyser?			
	<input checked="" type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE		
	Indien ja, bevestig die prioriteitsgebied wat die diens gemeet deur hierdie aanwyser sal verbeter (veelvoudige keuses kan ook gemaak word):			
	<input checked="" type="checkbox"/> Toegang	<input checked="" type="checkbox"/> Betrouwbaarheid	<input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit	<input type="checkbox"/> Integriteit
	Is dit 'n aanvraaggedrewre aanwyser?			
	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Is dit 'n gestandardiseerde aanwyser?			
Ruimtelike Ligging van Aanwyser	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Getal liggings:			
	<input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk
	Besonderhede / Adres / Koordinate: Protea Assuransie Gebou, Groentemarkplein Kaapstad			
	Vir veelvuldige leveringsliggings, sal dit gedeel word in die jaarlikse Bedryfsplan? (JBP)			
Aanwyserverantwoordelikheid	<input checked="" type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE		
	Verantwoordelikheidsbestuurder vir Erfenis Hulpbronne Bestuursdienste			
Ruimtelike transformasie	Ruimtelike transformasieprioriteite: Ja Beskrywing van ruimtelike impak: Deur die bedryf en bestuur van erfenishulpbronne deur EWK se wetgewende mandaat, word stede en landelike gebiede getransformeerd, wat 'n impak het op sosio-maatskaplike toegang.			

Ontleding van begunstigdes – Menseregtegroepes	Teiken vir vroue: N.v.t Teiken vir jeug: N.v.t Teiken vir persone met gestremdheid: N.v.t Teiken vir ouer persone: N.v.t <input checked="" type="checkbox"/> Geen van bogenoemde			
Provinciale Strategiese Implementasieplan (PSIP)	<input type="checkbox"/> G4J	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input type="checkbox"/> Welstand & Waardigheid	<input checked="" type="checkbox"/> Innovasie, Kultuur en Bestuur
<input type="checkbox"/> Geen van bogenoemde				
Ramptoestand	<input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE Indien ja, verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp			
Implementasiedata (Vernaamste lewerbares gemeet)	Soos volgens JBP			

Aanwysernommer	1.2			
Aanwysertitel	Getal terreininspeksies onderneem aan provinsiale erfenisterreine			
Kort definisie	Inspeksies onderneem om provinsiale erfenisterreine te monitor en assesseer ingevolge die mandaat van Erfenis Wes-Kaap om provinsiale erfenisterreine te bestuur ingevolge die Nasionale Erfeniswet, Nr 25 van 1999.			
Doel	Om voldoening aan die WNEH te monitor			
Vernaamste begunstigdes	Mense van die Wes-Kaap			
Databron	Databron: Interne terreininspeksies gegenereer deur Provinciale Erfenishulpbronowerheid, Erfenis Wes-Kaap Werklike datatabel gebruik: Dokument			
Databeperkings	Goedkeuring van verslae deur Hoof Uitvoerende Beampte			
Aannames	Teiken sal behaal word soos beplan			
Verifikasiemetode	Terreininspeksieverslae goedgekeur deur die Hoof Uitvoerende Beampte			
Berekeningsmetode	Telling - getal terreininspeksieverslae goedgekeur deur die Hoof Uitvoerende Beampte			
Tipe berekening	<input checked="" type="checkbox"/> Kumulatief	<input checked="" type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar-tot-datum	<input type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagsiklus	<input checked="" type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarliks	<input type="checkbox"/> Jaarliks	<input type="checkbox"/> Tweejaarliks
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input checked="" type="checkbox"/> Op teiken	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	

DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS

Tipe aanwyser	Is dit 'n Diensleweringsaanwyser?			
	<input checked="" type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE	Indien ja, bevestig die prioriteitsgebied wat die diens gemeet deur hierdie aanwyser sal verbeter (veelvoudige keuses kan ook gemaak word):	
	<input checked="" type="checkbox"/> Toegang	<input type="checkbox"/> Betrouwbaarheid	<input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit	<input type="checkbox"/> Integriteit
	Is dit 'n aanvraaggedrewe aanwyser?			
Ruimtelike Ligging van Aanwyser	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Is dit 'n gestandardiseerde aanwyser?		<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE
	Getal liggings:		<input type="checkbox"/> Enkel Ligging	<input checked="" type="checkbox"/> Veelvuldige liggings
Aanwyserverantwoordelikheid	<input checked="" type="checkbox"/> Provinzial	<input checked="" type="checkbox"/> Distrik	<input checked="" type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk
	Besonderhede / Adres / Koordinate: Protea Assuransie Gebou, Groentemarkplein Kaapstad			
	Vir veelvuldige leveringsliggings, sal dit gedeel word in die jaarlikse Bedryfsplan? (JBP)			
Ruimtelike transformasie	<input type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE		
	Verantwoordelikhedsbestuurder vir Erfenis Hulpbronbestuursdienste			
	Ruimtelike transformasieprioriteite: Ja Beskrywing van ruimtelike impak: Deur die implementasie van WNEH, word stede en landelike gebiede getransformeer wat 'n impak het op sosio-maatskaplike toegang.			
Ontleding van begunstigdes - Menseregtegroepes	Teiken vir vroue: N.v.t			
	Teiken vir jeug: N.v.t			
	Teiken vir persone met gestremdheid: N.v.t			
Proviniale Strategiese Implementasieplan (PSIP)	Teiken vir ouer persone: N.v.t			
	<input checked="" type="checkbox"/> Geen van bogenoemde			
	<input type="checkbox"/> G4J	<input type="checkbox"/> Veiligheid	<input type="checkbox"/> Welstand & Waardigheid	<input type="checkbox"/> Innovasie, Kultuur en Bestuur
Ramptoestand	<input type="checkbox"/> Geen van bogenoemde			
	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Indien ja, verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp			
Implementasiedata (Vernaamste lewerbares gemeent)	Soos volgens JBP			

Aanwysernommer	1.3			
Aanwysertitel	Getal raadsvergaderings gehou om die implementering van die beleid en bestuur van die EWK se mandaat te ondersteun			
Kort definisie	Geskeduleerde vergaderings van EWK Raad ten einde die implementering van EWK se wetgewende mandaat te ondersteun			
Doel	Om oorweging, oorsig en goedkeuring, waar van toepassing, uit te voer van dokumente ingedien vir bedryf en bestuur van die entiteit se mandaat			
Vernaamste begunstigdes	Mense van die Wes-Kaap			
Databron	Databron: Intern van Provinciale Erfenis hulpbronowerheid, Erfenis Wes-Kaap Werklike datatabel gebruik: Dokument			
Databeperkings	Vergaderings wat gekanselleer word as gevolg van gebrek aan 'n kworum wat die kumulatiewe getal vergaderings gehou elke jaar affekteer.			
Aannames	Teiken sal behaal word soos beplan			
Verifikasiemetode	Bywoningsregisters (elektronies of per hand), agendas en notules van vergaderings			
Berekeningsmetode	Telling - getal raads en komiteevergaderings aangebied soos volgens geverifieerde bywoningsregisters (elektronies of per hand), agendas en notules van vergaderings			
Tipe berekening	<input checked="" type="checkbox"/> Kumulatief	<input type="checkbox"/> Jaareinde	<input type="checkbox"/> Jaar-tot-datum	<input type="checkbox"/> Nie-kumulatief
Verslagsiklus	<input checked="" type="checkbox"/> Kwartaalliks	<input type="checkbox"/> Halfjaarlik	<input type="checkbox"/> Jaarlik	<input type="checkbox"/> Tweejaarlik
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken	<input type="checkbox"/> Op teiken	<input type="checkbox"/> Laer as teiken	
Tipe aanwyser	Is dit 'n Diensleweringsaanwyser? <input checked="" type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE			
	Indien ja, bevestig die prioriteitsgebied wat die diens gemeet deur hierdie aanwyser sal verbeter (veelvoudige keuses kan ook gemaak word): <input checked="" type="checkbox"/> Toegang <input type="checkbox"/> Betrouwbaarheid <input type="checkbox"/> Responsiwiteit <input type="checkbox"/> Integriteit			
	Is dit 'n aanvraaggedrewe aanwyser? <input checked="" type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE			
	Is dit 'n gestandardiseerde aanwyser? <input checked="" type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE			
Ruimtelike Ligging van Aanwyser	Getal liggings: <input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal <input type="checkbox"/> Distrik <input type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit <input type="checkbox"/> Wyk			
	Besonderhede / Adres / Koordinate: Protea Assuransie Gebou, Groentemarkplein Kaapstad			
	Vir veelvuldige leveringsliggings, sal dit gedeel word in die jaarlikse Bedryfsplan? (JBP) <input checked="" type="checkbox"/> JA <input type="checkbox"/> NEE			
Aanwyserverantwoordelikheid	Verantwoordelikheidsbestuurder vir Provinciale Erfenis hulpbronbestuursdienste			

DEEL D: BESKRYWING VAN TEGNIESE AANWYSERS

Ruimtelike transformasie	Ruimtelike transformasieprioriteite: Ja Beskrywing van ruimtelike impak: Deur die implementasie van WNEH, word stede en landelike gebiede getransformeer wat 'n impak het op sosio-maatskaplike toegang.			
Ontleding van begunstigdes – Menseregtegroep	Teiken vir vroue: N.v.t Teiken vir jeug: N.v.t Teiken vir persone met gestremdheid: N.v.t Teiken vir ouer persone: N.v.t <input checked="" type="checkbox"/> Geen van bogenoemde			
Provinciale Strategiese Implementasieplan (PSIP)	<input type="checkbox"/> G4J <input type="checkbox"/> Veiligheid <input type="checkbox"/> Welstand & Waardigheid <input type="checkbox"/> Innovasie, Kultuur en Bestuur <input type="checkbox"/> Geen van bogenoemde			
Ramptoestand	<input type="checkbox"/> JA <input checked="" type="checkbox"/> NEE Indien ja, verskaf 'n beskrywing van die geïdentifiseerde ramp			
Implementasiedata (Vernaamste lewerbare gemeent)	Soos volgens JBP			

Aanwysernommer	1.4			
Aanwysertitel	Getal provinsiale erfenisterreingeleenhede vir die bevordering van erfenishulpbronne			
Kort definisie	Om bewustheid te bevorder van die belang daarvan om erfenishulpbronne te bewaar en die bestuursimpliksies van sulke hulpbronne			
Doel	Die erkenning dat die terrein 'n verklaarde provinsiale erfenisterrein is deur middel van 'n promosionele geleenthed			
Vernaamste begunstigdes	Mense van die Wes-Kaap			
Databron	Databron: Interne uitnodigings en programme gegenereer vir die geleenthede van Provinciale Erfenisshulpbronowerheid, Erfenis Wes-Kaap Werklike datababel gebruik: Dokument			
Databeperkings	Uitstel of kansellasie van promosionele geleenthede as gevolg van faktore buite PEHO, Erfenis Wes-Kaap se beheer (byvoorbeeld COVID-19 inperkingsregulasies of langtermyn afwesigheid van krag/elektrisiteit) of ander natuurlike omstandighede wat 'n impak het op personeel, hulpbronne en toegang tot die terrein.			
Aannames	Teiken sal behaal word soos beplan			
Verifikasiemetode	Uitnodiging, program, bywoningsregister (elektronies of met die hand)			
Berekeningsmetode	Telling - getal provinsiale erfenisterrein geleenthede aangebied			
Tipe berekening	<input type="checkbox"/> Kumulatief <input checked="" type="checkbox"/> Jaareinde <input type="checkbox"/> Jaar-tot-datum <input type="checkbox"/> Nie-kumulatief			
Verslagsiklus	<input checked="" type="checkbox"/> Kwartaalliks <input type="checkbox"/> Halfjaarliks <input type="checkbox"/> Jaarliks <input type="checkbox"/> Tweejaarliks			
Verlangde prestasie	<input type="checkbox"/> Hoër as teiken <input type="checkbox"/> Op teiken <input type="checkbox"/> Laer as teiken			

Tipe aanwyser	Is dit 'n Diensleveringsaanwyser?			
	<input checked="" type="checkbox"/> JA	<input type="checkbox"/> NEE	Indien ja, bevestig die prioriteitsgebied wat die diens gemeet deur hierdie aanwyser sal verbeter (veelvoudige keuses kan ook gemaak word):	
	<input checked="" type="checkbox"/> Toegang	<input type="checkbox"/> Betrouwbaarheid	<input checked="" type="checkbox"/> Responsiwiteit	<input type="checkbox"/> Integriteit
Ruimtelike Ligging van Aanwyser	Is dit 'n aanvraaggedrewe aanwyser?			
	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Is dit 'n gestandardiseerde aanwyser?			
Aanwyserverantwoordelikheid	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
	Getal liggings:		<input type="checkbox"/> Enkel Ligging	<input checked="" type="checkbox"/> Veelvuldige liggings
	<input checked="" type="checkbox"/> Provinsiaal	<input type="checkbox"/> Distrik	<input type="checkbox"/> Plaaslike munisipaliteit	<input type="checkbox"/> Wyk
Ruimtelike transformasie	Besonderhede / Adres / Koordinate: Protea Assuransie Gebou, Groentemarkplein Kaapstad			
	Vir veelvuldige leveringsliggings, sal dit gedeel word in die jaarlikse Bedryfsplan? (JBP)			
	<input type="checkbox"/> JA	<input checked="" type="checkbox"/> NEE		
Ontleding van begunstigdes - Menseregtegroepes	Verantwoordelikhedsbestuurder vir Erfenishulpbronbestuursdienste			
	Ruimtelike transformasieprioriteite: Ja			
	Beskrywing van ruimtelike impak: Deur die implementasie van WNEH, word stede en landelike gebiede getransformeer wat 'n impak het op sosio-maatskaplike toegang.			
Provinsiale Strategiese Implementasieplan (PSIP)	Teiken vir vroue: N.v.t			
	Teiken vir jeug: N.v.t			
